

## Profiel van 'n HEELHARTIGE gemeente

Dit was 'n besondere gemeente. Die eerste gemeente in Jerusalem wat sy ontstaan direk te danke gehad het aan die uitstorting van die Heilige Gees en die prediking van die Woord deur Petrus. Dit was 'n multikulturele en veeltalige gemeente. 'n Gemeente met baie arm mense en met unieke uitdagings. Drie duisend een honderd en twintig lidmate onder die leiding van die 12 apostels van Jesus Christus. Dit was 'n energieke gemeente. Dit was 'n groeiende gemeente. Dit was 'n HEELHARTIGE gemeente.

Natuurlik is jou gemeente op 'n manier nie te vergelyk met daardie gemeente nie. Dit is 2 000 jaar later, julle is Afrikaanssprekend. Julle is heelwat kleiner. Julle het 'n predikant en nie 'n apostel nie. Tog kan ons baie van wat in daardie modelgemeente was, intrek in ons gemeentewees. Ongetwyfeld hulle “heelhartigheid”.

Die woord “heelhartig” kom ses keer in die eerste tien hoofstukke van Handeling voor. Dit is moeilik om die verskillende nuanses in Afrikaans weer te gee: Dit bevat 'n element van VOLHARDING, van LOJALITEIT en VERBINTENIS, en van TOEWYDING. Dit is die teenoorgestelde van HALFHARTIG en van DUBBELHARTIG.

“Heelhartig toelê” is 'n goeie vertaling. Hulle hart was in hulle Godsdienst. Hulle was met oorgawe besig met God en met mekaar en met die wêreld om hulle. Die rede het alles te make met die uitstorting van die Heilige Gees. Let gerus maar op die klem op die werk van die Heilige Gees in die hele boek Handeling.

Ek weet nie van watter gemeente jy deel is nie, maar ek hoop dat jy, soos die gemeente, 'n heelhartige gemeente is. 'n Gemeente wat vervul met die Heilige Gees is, sal heelhartig wees. Ons durf nie verval in formalisme en gewoontegodsdienst en skynheiligheid nie. Ons harte mag nie koud, nie verdeeld wees nie.

Sing: Skrifbelyning 15-8:1, 2

Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)